DOEKSAG 2011

UITGAWE / ISSUE 16/2011

Kersboodskap van die Burgemeester

Met 2011 op sy rug (by wyse van spreke)dink ek kinderlik terug aan Kaapsted in my dae. Presente word gekoop en toegedraai en winkels word toegestroom. Mense tooi hul huise op met nuwe kleure en dit word

skoongemaak van hoek tot kant. Tot die keuse van musiek verander na "Jingle Bells", "Stille nag. Heilige nag" en "Mary`s boy Child". Werksbonusse word met groot afwagting gewag en vreemde gesiggies oorval ons dorpe. Ja, dis die tyd vir familie saamtrekke en die vreugde vure brand hoog. Kerke berei hulle voor vir die Kersopvoering en as kind het ek altyd gewens die Sondagskool Juffrou gee my die rol van Joseph, maar om op te tree was `n moet. Al sou dit beteken ek moes net die môrester vashou, was di took `n hoogtepunt.

My hart ruk en `n traan loop onwillekeurig as ek dink aan hulle wat nie het nie, die kind wat nie eers die geluk gegun word om die môrester vas te hou nie. Werkloses wat nagte wakker lê en dink wat hy/sy die Kerstyd vir sy/haar familie op die tafel gaan sit. Ja, ek dink aan die kind wat sy maaitjie se geskenk help oopmaak en self nie eers `n geskenk het nie.

Ek wil `n beroep doen op diegene wat het, om ten minste een kinderhart te verbly in die feesseisoen. Kom laat ons omgee vir ons medemens. Aan alle Geestelike leiers wil ek u beroep doen, laat ons die kerstyd nie net die tafels vir ons gemeentelede dek nie, maar ook die breë gemeenskap nooi om aan die tafel te kom sit en saam met ons die feesmaal te geniet. My mede – burgers, u hoef nie ver te gaan soek na diegene wat nie het nie. Vra uself die vraag: " Het my bure, die mense in my straat, iets om tee et?".

Diegene wat `n geliefde aan die dood afgestaan het die afgelope jaar, aan u wil on sons innige meegevoel uitspreek en hoop die God van vrede ook vrede in jul harte sal bewerkstellig. Aan alle feesgangers wil ons `n vriendelike waarskuwing rig dat wetstoepassingsbeamptes `n "Zero Tolerance" benadering gaan het ten opsigte van wetteloosheid en misdaad bekamping. "Don`t drink en drive, and be your brother/sister`s keeper". Aan ons wetstoepassers, mediese beamptes, noodpersoneel en SAPS, wil ek u God`s rykste seen toewens met jul taak oor die komende feesgety.

Namens die Raad en personeel van Cederberg Munisipaliteit, wil ons u `n

Hello Kollegas

Ek het darem nou al `n bietjie gekalmeer sedert die foto`s wat ek ontvang het van Citrusdal administrasie se jaareind funksie. Die personeel daar was weer vol verrassings soos ons hul leer ken het sedert die "Sportdag wat hul die hakka voorgedra het" en het `n "kamma" troue" gehou

tydens hul afskeid. Ek moes net seker maak by Charlet of die persone nou reg g getrou het, want deesdae trou ons maatjies sommer so in die s lte.

Mnr Lochner het sy lyf `n gaar tyd gegee op die dansvloer. Ek het nou wel nie `n foto van Lambertsbaai se afskeid nie, maar kyk daar het verskillende steps uitgekom. Miskien sal dit nie `n slegte idee wees vir volgende jaar om `n danskompe sie te hou tussen die streke nie, en natuurlik sal die Streekbestuurders hul steps moet ken.

Die jaar staan nou vining einde se kant toe. Aan elke kollega wil ek `n wonderlike, geseënde rusperiode toewens. Dankie vir jul verdraagsaamheid, liefde en bystand deur die jaar.

Blessings

Pat

HOOGTE PUNTE VAN 2011

Inhuldiging vanUitvoerende Burgemeester J White

Aanskakeling van elektrisiteit te Clanwilliam Nuwe uitbreiding

Laugh out Load ! Bekendstelling van die Wheelie bin

Toekenning van Ere - Burgerskap aan Mnr Boy Burger , Prokureur van Citrusdal op 6 Desember 2011 te Clanwilliam

Madiba dag te Elandsbaai

Burgermeestersgolfdag - 25 November 2011 te Clanwilliam

Rieldansers van Betjiesfontein kap dit uit by die ATKV Taalmonument te Paarl en stap weg met die trofee

KERSBOODSKAP VAN DIE WAARNEMENDE MUNISIPALE BESTUURDER

Nou aan die einde van nog ‘n jaar wil ek van die geleentheid gebruik maak om al ons inwoners en personeel te bedank vir ‘n suksesvolle jaar. Soos dit altyd in plaaslike regering gaan, was uitdagings baie, maar kon die Raad ondanks beperkte hulpbronne daarin slaag om sy dienslewer-ingsvlakke deur middel van die streekbestuursmodel te verhoog asook sy rol uit te bou as ontwikkelende munisipaliteit.

2011 was ook ‘n jaar van plaaslike regeringsverkiesings met ‘n nuwe Raad wat op 18 Mei 2011 vir Cederberg gekonstitueer is met sy hoofdoelwitte armoedeverligting en werkskepping.

Namens die Raad en personeel wil ons die gemeenskap van Cederberg ‘n Geseënde Kersfees en voorspoedige 2012 toewens. Ons gebede gaan ook uit na elke lid van die gemeenskap en personeel wat vanjaar ‘n geliefde aan die dood moes afstaan of tragedie ervaar het. Wees verseker van ons geestelike onderskaging in tye van swaarkry. Graag moedig ek die ge-meenskap aan om uit te reik na mekaar en mekaar te ondersteun, veral ons bejaardes, kinders, gestremdes en behoeftiges.

Mag u hierdie feesseisoen God se ware liefde en kalmte ervaar en met nuwe ywer en krag die uitdagings van 2012 kom aanpak. Geniet die fees-seisoen met al u geliefdes!

Louis Volschenk

Waarnemende Munisipale Bestuurder

As daar nie grappe was nie, was die ou wêreld maar 'n vervelige plek.

So ... lag `n bietjie daar !!!

Dis Sondag en baie kerke gee deesdae mos spesifieke Sondae voor die gewone diens 'n kort kinderdiens. Die dag vertel dominee van Daniël en die leeukuil en al die kinders moet kom voor sit.

Baie dramaties vertel die dominee: "En die koning vat vir Daniël en GOOI hom in die leeukuil. !"

Die kerk is tjoepstil en die een seuntjie het hom so ingeleef in die storie, hy haak kliphard af: "So 'n bliksem!"

Die dominee het blykbaar so gelag hy kon nie verder preek nie.. Het een van die ouderlinge gevra om net af te sluit en na die tyd vir die ouers gevra om asseblief nie die kind pak te gee nie want hy was die enigste een wat regtig geluister het!

Vakansie veiligheidswenke

- Versnipper alle persoonlike dokumente voor jy dit weggooi.
- Hou jou ID op `n veilige plek wanneer jy dit nie gebruik nie.
- Ignoreer alle e - posse, briewe en fakse wat om jou persoonlike inligting vra. Gaan eerder na die instansie en praat direk met hulle.
- Moenie persoonlike inligting op social media sites (soos Facebook) deel nie.
- Moenie transaksies (betalings) of jou banksake by internet cafés doen nie.
- Pasop vir spesiale aanbiedings wat jy per SMS of e - pos kry. Onthou, as dit te goed klink om waar te wees, is dit gewoonlik.
- En as jy nie aan `n kompetisie deelgeneem het nie, kon jy dit nie gewen het nie.

(Berig uit Kuier)

PADKOS

Psalm 100

Juig tot eer van die Here, almal op aarde !

Dien die Here met blydskap !

Kom voor Hom met gejubel !

Erken dat die Here God is: Hy het ons ge-maak en ons is Syne, ons is sy volk, sy eie kudde.

Gaan sy poorte binne met dankliedere, sy temple met lofsange, dank Hom, prys sy Naam, want die Here is goed, aan sy liefde is daar geen einde nie, sy trou duur van geslag tot geslag.

NUWE AANSTELLINGS / NEW APPOINTMENTS

Foto links: Mnr Winston October het op 1 Desember 2011 begin as Direkteur van Korporatiewe Dienste.

Raadslid Jimmy Barnard is op 6 Desember 2011 ingehuldig as die Wyksraadslid vir Wyk 4 (Graafwater & Elandsbaai)

Phemelo Majeni – Projek Bestuurder– Clanwilliam PMU

Thandiwe Mavuma – Algemene Werker, Clanwilliam

Coby Greeff - Strategiese Bestuurder - Kantoor van die Burgemeester

Jan Muller—Algemene Werker Citrusdal

Christoffel Fransman - Algemene Werker Citrusdal

Frans Jansen - Kantoor Bestuurder Graafwater

Melody Klaase—Sekrestaresse—Kantoor van die Burgemeester

SUKSESVOLLE LEERLINGLISENSIE KLASSE AAN JEUGDIGES

Lambertsbaai

Informele leerlinglisensie opleiding was aangebied vir Werklose Jeugdiges te Clanwilliam en Lambertsbaai.

Die opleiding was 'n sukses en word die Munisipale Raad , Kantoor van die Munisipale Bestuurder bedank vir hul bydrae. `n Spesiale dank aan Streekbestuurder Nigel Mercuur & Rdsl. Scheepers vir hul ondersteuning.

Supt. Riaan Basson (Clanwilliam) en Verkeersbeampte Dawid Pedro (Lambertsbaai) het die klasse aangebied.

Kollegas dit word opreg waardeer jul opofferings.

Clanwillim

Kollegas sê totsiens aan Cederberg Munisipaliteit

Foto: Mnr Lochner, Streekbestuurder te Citrusdal en Sam September

`n Kollega en Shopsteward van SAMWU,

Sam September wat werksaam was te Citrusdal administrasie het op Donderdag, 8 Desember 2011 afskeid geneem van sy mede—kollegas by die Jaareind funksie.

Gershwin Maart (Meterleser) van Lambertsbaai het `n pos aanvaar by Breedevallei Munisipaliteit en het op 1 Desember 2011 in sy nuwe posisie begin.

Marianna Beukes (HRP vir die L/baai streek) gaan in Januarie 2012 begin by Matzikama Munisipaliteit as Bestuurder Menslike Hulpbronne.